

18de Sonntag nach Trinitates
25 Sept 2016 Rom.14:13-19

Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liever voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie. Omdat ek die Here Jesus ken, weet ek en is ek daarvan oortuig dat niks vanself ontein is nie. Maar as iemand iets as onrein beskou - vir hom is dit dan onrein. As jy met wat jy eet, jou broer aanstoot gee, leef jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur wat jy eet, iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie.

Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense. Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder.

Liewe vriende in Christus,

So, inderdaad hoe gaan ons as Christene met mekaar om?

13 hoofstukke lank het Paulus reeds die *waarheid* verduidelik. Jesus Christus is ons geregtigheid. Hy is ons Verlosser en hoop. Hy is verlede en Hy is ons toekoms. Die Heil in Christus is duidelik vir almal uitgelig. Die lewe in die Gees het Paulus baie mooi verduidelik. Dit is, asof Paulus nou baie duidelik alle Christene saam in een pot bymekaar het. Iemand wat gedoop is en in Christus glo, sal salig word. Dis duidelik; dis Amen! Nou gaan dit oor die praktiese toepassing van die geloof.

(a) Wat dan nou waar die Bybel nie duidelik praat nie? Wat daarvan as Christene wat bymekaar is, mekaar begin iriteer en frustreer. Bv. Die een wil graag gitare in die erediens inbring en die ander wil graag orrelmusiek behou - wat sê die Bybel oor musiekbegleiding in die erediens? Antwoord: baie min. Die een groep wil graag Chorusse sing met liggaamsbewing en ritme (afrika-kultuur); die ander groep wil graag gewyd stilsit. Wat sê die Bybel, is die régte manier van lofprysing? Antwoord: baie min. (bv Ps 40:3, 96:1, 144:9) En ons kan dit nie sommer los nie, want die een groep raak gefrustreerd teenoor die ander en ons begin onderlings te gons en te skinner en naderhand te baklei. Het die Bybel iets oor skinner en bakleierei te sê? Antwoord: definitief ja – los dit; laat staan eiesinnigheid, ens.

Hierdie Rom 14 is 'n briljante teksgedeelte wanneer ons oor die sogenaamde **grys gebied** praat. Ek herhaal: **waar die Bybel duidelike taal praat, praat ons ook duidelik. Maar waar die Bybel beweegruimte toelaat, moet ons ook beweeglikheid toelaat.** Daar is swart-en-wit aangeleenthede. Bv - so dikwels hoor ons: ag, laat elkeen maar volgens sy eie oortuiging salig word. Nee, daardie stelling kán nie geldig wees nie. Jesus Christus sê: *Ek is die weg, die waarheid en die lewe.* En as ons onself op die Bybel baseer, dan kan ons nie terselfdertyd beweer, die weg van Hindus, Buddhiste of Ananimisme is ook almal geldig nie. Daar is baie paaie wat na Rome toe lei, sê die gesegde. “O,” sou ek antwoord: “hoe weet jy dit?” Wie is alleen instaat om alle paaie te beoordeel? Antwoord: as jy van bo af alle paaie kan volg. En wie alleen kan dit doen? Antwoord: God self. Maar as God self dan praat t.o.v Jesus: “Dit is My beminde Seun! Luister na HOM!” dan verklaar God self mos dat daar mense op die dwaalspoor is en verlore sal gaan. Dis duidelik.

Maar soms is dit **nie duidelik nie**. Byvoorbeeld: moet ek my kinders tuis-onderrig gee of na 'n openbare skool toe stuur? In hierdie opsig is die Bybel duidelik: die ouers is verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders! Maar die Bybel sê geensins in vyner besonderhede watter die beste pad van opvoeddings is nie? Nou moet ek my verstand gebruik. Ons sal sê, dit is die grys gebied waar ek die grys stof in my verstand moet gebruik. Die een ouers mag dalk besluit dat openbare skole sal my kind van die Here weglei en net wêreldse standaarde leer; my kind mag “vergiftig” word; ek gee self skool tuis vir my kinders. 'n Ander ouer mag besluit: kinders sal my mal maak en openbare skole gee die geleentheid om sosiale verhoudinge te kweek en my kind moet leer om sy geloof ook in die openbaar gestand te doen.

Paulus sou antwoord: “fine”, altwee is reg. Respekteer mekaar in hierdie opsig.

Ek sal aan die einde nog 'n paar riglyne gee, maar nou eers: hierdie teksgedeelte in Rom 14, is nie 'n oproep asof ons altyd presies weet wat in elke situasie reg en verkeer is nie. Ja, soos nou net gesê, ons moet beoordeel en soms oordeel en veroordeel, maar: moenie jouself as hoofregte opbeur en jouself bo ander verhef nie. Kom on skyk kortliks na die situasie in Rome vir wie Paulus geskryf het.

(b) In Rome was daar die sogenaamde *swakkes* en die *sterkes* in die een gemeente. Jy sal nie glo wie Paulus as die swakkes beskryf nie - waarskynlik die JodenChristene. Mense wat uit streng dissiplines gekom het, wat die Ou Testament geken het, wat dink hulle weet presies wat goed en sleg is. Hulle staan in die versoeking om gou te veroordeel oor aangeleenthede wat nie die heil van 'n mens aanspreek nie.

En dan was daar die sogenaamde sterkes wat waarskynlik meer heidenChristen was. Mense wat nog altyd gedoen-en-gelos het wat hulle wou. Hulle geniet hulle vryheid in die geloof en sien hul'self nog steeds as Christene nie gebonde aan allerhande voorskrifte nie. Ook hulle staan in die versoeking om hoogmoedig neer te kyk op die swakkes, om ook te veroordeel, ja selfs die swakkes in versoeking te lei sodat hulle in die geloof mag stuikel. Al twee moet nog leer om die Here te eer. Wat van hierdie faksies? Destys in die gemeente van Rome het groeringe binne die gemeente ontstaan:

* die een groep beskou **feeste en gedenkdae** op die godsdienstige almanak as baie belangrik - ander meen dat hierdie feeste mos met die koms van Christus opgehef is en daarom is elke dag 'n "dag van die Here".

* die een groep wou geen **voedsel** wat moontlik aan ander gode gewy was, eet nie - die ander het op hulle neergekyk omdat kos mos geen waarde op sigself kan hê nie.

* die een groep het geen **wyn** gedrink nie om hulleself voor God te heilig - die ander het geen begrip vir sulke vroomheid gehad nie.

* die een groep was die sogenaamde *swakkes* - die ander die sogenaamde *sterkes*.

Dis in so 'n menglmoes van Christene dat die Duiwel sy veldtog aandurf. Hier ontstaan maklik verwarring, bakleierei en oneenigheid. Dis ongelooflik hoe sommige Christene mekaar kan aanpak (want dit spruit nie uit geloof nie - daarom on-geloof-lik). Wat was al die belaglikste dinge waaroor julle weet, Christene al beklei het, waar ons na die tyd weet, dit was onbenullighede?

(c) So, dit moet vooraf duidelik wees wat die *eenheid* in die geloof behels. **Christus maak die eenheid!** Hy lyf mense in sy liggaam in en maak hulle deel van die kerk en Hy voeg ons bymekaar. **Hierdie eenheid kan nie gemaak of gebreek word nie.** Christus is ons eenheid.

Terselfdertyd moet ons byvoeg: En tog moet ons oordeel en beoordeel en soms ook veroordeel. Net soos Paulus in van sy briewe gedoen het. Daar was bv in die gemeente te Korintië, waar iemand met sy ma geslaap het (seksuele omgang) en die gemeente het niks daaromtrent gesê nie. Paulus vaar uit: as ek soontoe kom, sal ek dié persoon aan Satan oorlewer - nie om hom in die hel te veroordeel nie, maar om sy siel te red. (1 Kor 5:1+5, vgl ook 1 Tim 1:20) Dit mag nie onder julle gebeur nie!, sou Paulus uitroep. Julle moet standpunt inneem. En as dit geensins moontlik is om doelbewuste sondears in julle midde tot bekering te bring nie, dan moet julle so 'n persoon uit julle gemeenskap uitsluit, want hy sal die hele gemeente in die verderf lei.

So, wanneer moet ons nou mekaar in liefde respekteer en tollereer, en wanneer moet ons ferm wees?

Dit is waar ons die leiding van die Gees nodig het. Daarom oefen ons onself voortdurend in die Skrif. Ons soek na waarheid, daarom moet ons in gesprek met mekaar bly en soms maak ons ook van demokratiese strukture gebruik om tot 'n besluit te kom. Ons weet dat die belangrikste altyd die belangrikste moet bly, maar wandag gaan dit oor die grys gebied, waar dit oor meningsverskille gaan.

Vier riglyne tov die regte verhouding met mekaar:

(1) **Doen alles uit liefde.** Die liefde respekteer die ander in sy andersheid. Die liefde sien die ander soos God hom/ haar sien. Maar die liefde maak dat ons ook aan mekaar verbind bly. In die liefde week ek: Ek is ook medeverwantwoordelik vir jôu heil, en jy behoort ag te slaan op my heil.

Bv As ek 'n drankie saam met jou drink en jy sien, ek is heel gemaklik. En jy volg nou daaruit: Kyk, die pastor drink ook; dit is die groen lig dat jy sonder perke fles kan vat. En ek sien later, jy weet nie meer of daar nou twee of vier glase van die tafel afgeval het nie, dan sal ek definitief sê: “broer / suster, ons moet ernstig gesels” - want die Bybel het duidelik iets te sê oor *dronkenskap* en dat jy selfs jou saligheid daarmee kan verbeur (bv Luk 12:45; 1 Kor 6:10; Ef 5:18). Dan respekteer ek jou nie in jou *andersheid* nie, maar weet dat die drank vir jou 'n struikelblok geword het, 'n “skandalon”. En as jy my dan vra, nou pastor, hoeveel drankies mag ek dan nou drink voordat drank nou 'n sonde word? Dan geld die tweede riglyn.

(2) **Moenie iets teen jou gewete doen nie.** Vir die een is dit sonde vir die ander nie.

Bv. Mag ons sport op Sondae doen? Julle weet dat in die Ou Suid Afrika, die wet voorgeskryf het: Nee! Maar jy't gou agter gekom dat dit 'n trikkie ding is. Die wet het destyds voorgeskryf: geen spansport soos sokker of rugby nie. Maar mag jy so bietjie gaan draf vir die gesondheid? Ja, dit is ok. Nou wat nou? Antwoord: doen navorsing. Nuwe gelowiges wat min insig het in geloofssake, mag baie meer beweeglik wees. Ander gesoute Christene weet al, met sport kan jy ook jou innerlike vrede, rus en tyd met die Here verspeel - so, hulle doen dit nie meer nie. Doen navorsing en klaar dinge vir jouself uit!

Bv Mag ek “hallal”-kos soorte eet? (kos wat deur muslime as “rein” verklaar is en deur Allah “geseën” is) Paulus skryf dat hy weet, alle kos is deur God as geskenk vir ons gegee, is opsigself rein en eetbaar. Maar as iemand navorsing doen en agterkom dat hierdie kos aan ander gode gewy is en dat hy sy innerlike met valse geeste sou besoedel, dat jy die Imam betaal - dan moet die persoon nie eet nie! Want dis dan, wanneer jy téén jou gewete gaan, en dan is dit vir jou sonde. So 'n persoon mag goed voel om nie te eet nie, want ... en hier kom die derde riglyn:

(3) **Eer God met jou optrede!** En as jy sonde vermy het, dan is dit goed vir jou en jou Godsverhouding. By ek het vroër in my studentejare diskos toe gegaan. Destyds in die einde 1980er jare was die strate nog veilig en ek het nooit 'n ontkleedanseres gesien nie, en dit was lekker. Ek het, om net bietjie “uit te breek” gedaans en te kere gegaan, saam met my broer en vriende in die nag fiets gery van een plek na die ander. Sal ek dit vandag nog doen? Nee, omdat ek nie meer so fiks is en met die ander jongmense kan byhou nie. 😊 Nee, die rede is dat ek weet: daar loer om elke hoek en draai verleidelike versoekings. En ek voel net nie meer gemaklik nie om die Here met hierdie soort ontspanning te eer nie. Sal ek nou, omdat my mening verander het, alle ander mense in die diskos verdoem en veroordeel? Nee, maar ek bid elke keer ook as my kinders soontoe gaan, dat hulle bewaar word teen versoekings, die bose magte en allerhande onheilspellende goed. (2 Kor 8:21 Want ons bedink wat goed is nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense.)

(4) **Dink aan jou medemens in jou optrede om hom/haar te wen.** So-ook Paulus verwys na God se hart vir alle mense. God wil hom/haar wen. Laat jou optrede só wees dat ander mense Christus se liefde herken. God sal Regter wees en bly. Gebruik jou sogenaamde vryheid om beheersd en gedissiplineerd op te tree, sodat ander deur jou optrede versterk en bemoedig word. (te min plek om nog voorbeelde te noem)

Ons rond af:

Die Here gee die Eenheid. Dit is 'n feit dat ons as Christene binne die eenheid leef. En tog weet ons dat in uiterste gevalle die eenheid bedreig is. En so lank as wat ons Here Jesus self in gebed vir ons by die Vader intree, solank as wat Hy vir die eenheid bid, so lank wil ook ons as gemeente van Jesus Christus na die eenheid en vrede strew: *Najaag* -staan daar in die oorspronklike Grieks. Soos wanneer polisiemann op 'n jaagtog deur die strate van Pretoria daarop uit is om 'n ontsnapte misdadiger te vang - so moet ons daarop uit wees om die eenheid te bewaar, om mekaar in liefde te dien en iemand vir God te wen.

Miskien praat ons veels te veel algemeen van *ons*, en julle en hulle. Veral in SA het ons té sensitief geword om die andersheid uit te lig. En tog het ons by uitstek in SA geleer om met mekaar om te gaan. Hier gaan dit egter nie om partypolitiese eenheid nie maar oor die eenheid in die gemeenskap van

gelowiges. Die *ander*, die *julle* en die *hulle* is almal persone met name en karakters. Hulle sit hier by jou, voor en agter jou. Jy en ek het “hulle” nie gekies nie maar God het ons bymekaar gevoeg. Moenie agter jou “sterk” wees of jou “swak” wees wegkruip nie maar beskou elkeen as noodsaaklik in die Koninkryk van God. Vir jou geld hierdie belofte van die Here wat Paulus net ’n paar verse verder noem: *Mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees, soos dit van toepassing is vir mense wat in Christus Jesus leef, sodat julle almal eensgesind uit een mond lof toebRING aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.*

Omdat Hy die EENHEID reeds gegee het, daarom wil ons ook eensgesind wees. Wil ons dit rêrig? Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.

